SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

11 September 2015 No: 23 van 2015

SAOU EN JNA ("ANA")

MEDIAVERKLARING DEUR DIE SAOU

EMBARGO: ONMIDDELLIK

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie verwelkom die besluit om die skryf van die 2015 JNA uit te stel

Voortvloeiend uit indringende gesprekvoering deur en tussen die drie nasionale vakbonde oor die afgelope week, verwelkom die SAOU die gesamentlike besluit om die skryf van die 2015 Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) uit te stel. Na aanleiding van die jongste rondte gesprekvoering op 10 September 2015, het die vakbonde en die DBO soos volg besluit:

1. Dat die JNAs nie volgende week miv 15 September geskryf word nie, maar uitgestel word vir minstens 90 dae;
2. Dat 'n gesamentlike taakspan 'n nuwe sistemiese evalueringsmodel vir leerders sal ontwikkel om aan die unieke behoeftes van die SA onderwysstelsel te kan voldoen en met akkuraatheid die kwaliteit van die stelsel te bepaal;
3. Dat as integrale deel van voormelde, die duidelike plan bedink word om die moontlike vaardigheidstekorte van opvoeders te bepaal en daadwerklik en deurlopend aan te spreek;
4. Dat die uitstaande sake op die sakelys van RAVO daadwerklike aandag sal geniet met die oog op spoedige oplossing daarvan; en
5. Dat 'n gesamentlike mediakonferensie van die vakbonde en die DBO op Vrydag 11 September 2015 gehou word om die boodskap eenduidig aan skole, ouers en die publiek te kommunikeer.

Commenting on the way forward Chris Klopper, CEO of the SAOU said, "I truly believe that the above is a win-win for all parties and that conflict in the various staff rooms between the members of the different unions will be avoided and most importantly, that we will be able to address problems with ANA, as well as to address the outstanding issues on the ELRC agenda."

Klopper went on to say that in light of the SAOU's support for systemic testing the Union took what it regards as a very complex and difficult decision only after all possible alternatives had been thoroughly explored. We were not prepared to take a decision before proper consultations had been held with the leadership of the other major unions as well as both the Director General and the Minister of Basic Education. From the beginning of the discussions the National Standing Committee was acutely aware of the implications of any decisions that could be taken, including a possible boycott. It was imperative that potentially serious divisions and even conflict be avoided at all costs," Klopper explained.

Klopper het verder gesê dat die unie volledig die beginsels van 'n geldige sistemiese toetsing ondersteun, maar reeds 'n geruime tyd ontevrede is met die JNA en die wanpraktyke wat daaruit voortgevloei het.. Daar is te veel aspekte rakende die assessering wat tekort skiet en die toepassing daarvan gekompliseer. Die SAOU het reeds gedurende Maart vanjaar 'n vergadering met die Departement van Basiese Onderwys (DBO) versoek, sodat areas van kommer aangespreek kon word. Tot op hede, is geen terugvoer ontvang of 'n vergadering belê nie alhoewel die Minister wel tydens bogemelde konsultasieproses aangedui het dat sy die saak nou formeel met die SAOU sal wil bespreek om probleemareas aan te spreek.

"In alle waarskynlikheid sou tydige gesprekvoering sommige van die probleme aangespreek het en sou die huidige impasse vermy kon gewees het," het Klopper gesê. "Die SAOU het 'n empiriese navorsingsprojek wat op die JNA in sy huidige formaat gebaseer is, in Julie vanjaar voltooi. Dit het ernstige probleme geïdentifiseer wat verreikende, daadwerklike en 'n indiepte herevaluering deur die DBO vereis."

Speaking from the research, Klopper gave the following as examples of the seriousness of the situation:

- How reliable are the results; to what extent is cheating and condoning of marks part of the misconception of 'achievement'? Would results be more reliable if the stakes were not as high as they are, the ANA results were not used as targets and the schools' teachers were not involved?
- Statistics have shown that schools very seldom use the ANA results diagnostically; for what purposes are the results then used?

- The original goal of the DBE's workbooks was to assist learners and teachers by giving them a valid source, not the only source. The workbooks were supposed to be the minimum criteria, however, the use of the workbooks and 'teaching to the test' in terms of ANA has narrowed the curriculum down to a mere checklist. Neither the workbooks, nor the ANA tests address higher level, critical thinking skills. The ANA results, therefore, only report on the basic, minimum requirements.
- It is common knowledge that as ANA results are not used for school-based assessment marks (SBA), learners do not take the tests seriously.
- A further anomaly: Teachers still complain that ANA tests contain content not yet taught, as it is written in the third term. So, can it, in all honesty, be regarded as a valid reflection of education in our country?
- It is also generally known that a significant number of schools under-achieve. What will it take for such teachers to realise that they have to adjust and that they have a responsibility to learners, education and themselves? As importantly, if they are to be true professionals, they have to grow and become the experts they are expected to be."

In die lig van bogenoemde, versoek die SAOU dringend dat:

- JNA slegs in 'n 3 of 4 jaar-siklus geskryf word,
- Die beleid rakende progressie heroorweeg word, sekere spesiale skole van JNA uitgesluit word, of dat 'n toepaslike assesseringsinstrument gebruik word wat die aangepaste kurrikulum soos dit in spesiale skole onderrig word, sal meet,
- Die sogenaamde, '*naming and shaming'* van skole nie sal plaasvind nie,
- Die idee dat JNA deur ALLE skole/leerders geskryf moet word ten einde die sisteem te evalueer, heroorweeg sal word. (Die gebruik van lukraak gekose skole kan talle voordele inhou en uitgawes aansienlik beperk. Dié voorstel kan meer betroubare resultate lewer indien slegs 'n handvol eksterne eksaminatore gebruik word in die moniteringsproses wanneer die toetsing, die onafhanklike nasien en verwerking van punte gedoen word. Op hierdie wyse sal die onderwysstelsel die menslike faktor, ten opsigte van kullery en kondonering van punte, kan uitskakel en dus verhoed dat almal as swart skape geïdentifiseer word.)
- 'n Verantwoordelike opvoeder:leerderverhouding. Dit is nie haalbaar of selfs moontlik om 40 leerlinge met verskillende agtergronde, moedertale en verskeie leerhindernisse in een klas te plaas, en hul suksesvol te onderrig nie.

Die SAOU is van mening dat verantwoordelikheid en uiteindelik, aanspreeklikheid, deel is van professionele gesag. Die DBO het die verantwoordelikheid om die toegelate begroting oordeelkundig te gebruik en om behoorlik te beplan om sodoende onderwys 'n verenigde en nie 'n diskriminerende faktor te laat wees nie. Om die JNA in die huidige formaat suksesvol te verander, aanvaar die Unie gesamentlike verantwoordelikheid vir gehalte-onderwys deur die uitreiking van konstruktiewe, kritiese kommentaar gebaseer op deeglike akademiese navorsing. Slegs wanneer al die onderskeie faktore wat leerders se prestasie beïnvloed objektief en professioneel aangespreek word, sal die welstand van ons land se toekomstige besluitnemers verseker kan wees.

By agreeing to the postponement the SAOU further believes that the DBE, through dialogue with all role players and with sound professional input, thoroughly informed by the realities that obtain in schools, the education system can be improved and taken forward to an ultimate delivery of quality education for all.

End

SAOU APP

For instructions to download the SAOU App, click on the following link and follow the instructions:
http://www.saou.co.za/saou-application-app/.

EVALUEER DIE KWALITEIT VAN SAOU (NOORD-KAAP) SE DIENSLEWERING/ *EVALUATE THE QUALITY OF SERVICE DELIVERY OF THE SAOU (NORTHERN CAPE)*

Click here/Kliek hier: http://emailmanager.co.za/saou/2015-04-14-Questionnaire/questionnaire.asp